## Stoker, H G — Die Jehowah-getuies. 'n Onchristelike kulte?

Wetenskaplike bydraes vir die PU vir CHO. 471 bladsye. Prys: R57.00

### Resensent: Ds J Otto

Hierdie is in werklikheid 'n doktorale tesis waarmee die outeur sy doktorsgraad verdien het in Mei 1994. Dit is 'n omvangryke boek van 471 bladsye en is goed gebind met sketse van drie prominente leiers van die Jehowahs in blou voorop die boek. Die Afrikaans wat gebruik word, is maklik om te volg, alhoewel daar 'n aantal drukfoute voorkom. Uit die aard van die saak is dit 'n polemiese dokument wat geskryf is om die ware aard, soos die outeur dit waarneem, van die Jehowah-getuies uit te wys. Die gevolg hiervan is dat daar 'n geneigdheid is om sekere frases te herhaal. Die boek bestaan uit drie afdelings. In afdeling een word die definisie van 'n kultus gegee en word die Jehowah-getuies aan die hand van hierdie kriteria bespreek: 'n tweede afdeling neem die geskiedenis van die organisasie onder die loep; terwyl die derde afdeling op die dogmatiek van die Jehowah-getuies konsentreer.

In die eerste afdeling skep die outeur die nuwe Afrikaanse woord 'kulte' as ekwivalent van die Engelse 'cult' en verskaf vervolgens 'n kort definisie van die essensie van 'n kulte. Volgens sy definisie het die essense van 'n kulte te make met die konsep 'beheer'. Die outeur identifiseer twaalf areas van die menslike bestaan wat beheer kan word deur iemand anders. Dit sluit in beheer oor gedagtes, gedrag, emosies, kennis, asook omgewing, taal, etiek, geskiedenis en God in. Hy dui op duidelike wyse die manier aan hoe hierdie aspekte van 'n persoon beheer kan word asook deur welke middele. In die volgende deel van hierdie afdeling toets hy dan die Jehowah-getuies aan die hand van hierdie kriteria. Deur te begin by die eerste kriterium en dan al twaalf deur te werk, maak Stoker 'n oortuigende saak uit daarvoor dat die Jehowah-getuies inderdaad as 'n kulte gesien behoort te word. Hy doen dit deur die tipe beheer wat betrekking het, kortliks weer te noem en dan aan te dui tot watter mate dié tipe beheer by die Jehowah-getuies voorkom. Dit is duidelik dat die lede van hierdie groep beheer word en, gemeet aan die definisie van 'n kulte, moet die Jehowah-getuies as kulte geklassifiseer word. Hierdie is 'n belangrike



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

insig vir sodanige mense wat met Jehowah-getuies te doen het. As 'n mens eers agtergekom het dat jy besig is om met persone te werk wie se gedagtes volgens die patrone van 'n kulte gestruktureer is, sal 'n mens 'n ander benadering volg om sulke persone te probeer bekeer. Hierdie afdeling van die boek is baie oortuigend en die insig wat 'n mens kry in die gedagtepatrone van hierdie mense sal van groot hulp wees.

In die tweede afdeling van die boek betrag Stoker die geskiedenis van die organisasie. Hy identifiseer 'n paar periodes wat van belang is. Hulle val saam met die verskillende leiers van die kulte. Hy begin by die stigter van die die Jehowah-getuies, Russell, en bespreek ook Rutherford, Knorr en Franz. Dan kyk hy na verskillende name van die organisasie en bespreek in 'n laaste hoofstuk die geskiedenis van die profesieë en hulle verhouding tot die geskiedenis. Hy het meer as een oogmerk met hierdie geskiedenisafdeling. Die eerste is om aan te dui dat daar geen waarheid steek in enige aanspraak van die kulte om die oudste kerk te wees nie. Dit doen hy op 'n oortuigende manier deur terug te gaan die oorsprong van die Jehowah-getuies. Hy lê ook groot klem op die ongure karakters wat die leiers en stigters van die organisasie was. Daar word gewys op die feit dat baie van die profesieë van die kulte verander moes word omdat hulle nooit waar geword het nie, met die doel om aan te toon dat die kulte geen geheime openbaring besit nie. Hierdie afdeling sal van belang wees vir enige iemand wat seker wil wees dat die Jehowah-getuies nie die histories ware kerk is nie.

In die derde afdeling kyk Stoker na die dogmatiek van die kulte. Die Drie-enigheid, God, Jesus Christus en die Heilige Gees word bespreek. Sake soos bloedoortapping, die 144 000, die hel en militêre diens word ook bespreek. Die teenstrydighede in die dogmatiek van die kulte word met betrekking tot al hierdie sake met groot helderheid aangedui. Dit is duidelik dat die Jehowah-getuies teenstrydige sieninge het — beide intern gesproke asook gemeet aan die heersende idees wat voorkom binne die Christelike godsdiens. Alhoewel daar verskille voorkom tussen Christene aangaande dogmatiese sake, val hierdie verskille binne 'n sekere, omgrensde raamwerk wat egter deur die Jehowah-getuies oorskrei word. Verskille binne die Christendom word nie ten volle binne hierdie boek uiteengesit nie (en dit is ook nie nodig nie). Die dogmatiek van hierdie kulte word egter wel uiteengesit en goeie antwoorde word gegee op al die punte wat hulle bevraagteken. Enige persoon wat insig in die teologiese gedagtepatrone van die Jehowah-getuies wil hê, en wil weet hoe hulle van die Christelike godsdiens verskil, sal die boek baie waardevol vind. 'n Mens voel oortuig dat hulle inderdaad nie Christelike is nie.

In geheel gesien moet dit gestel word dat hierdie boek kan bydra daartoe dat die Jehowah-getuies beter verstaan sal word en dat hulle 'n kulte is. Hierdie boek word aanbeveel vir enige persoon wat 'n groter insig in hierdie kulte wil verkry.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services